

Nico van
Gijzen



Raad met jou rande

Inkomsteplan vir 'n klein neseier

Jy kan ver gaan met min geld en baie dissipline

Ek kry oor die jare byna weekliks navrae van lesers wat worstel met die nagmerrie-vraag: Ek benodig inkomste, maar my geld is min.

Dis gewoonlik ouer mense. Mense wat nie lewensjare oor het om genoeg te kan spaar nie. Mense wat nie 'n ander bron van inkomste het as dit wat hulle kan kry uit die bietjie geld wat hulle nou het nie.

Die vraag begin gewoonlik met: Ons het eiendom verkoop. Dit is al geld wat ons het. Dit moet hou en 'n inkomste voorsien. Waar kan ek dit die beste belê?

Voor ek by vandag se bespreking kom, gaan lees gerus weer my rubriek wat op 24 April 2022 onder die opskrif "Maak so as jou neseier klein is" hier verskyn het. Daarin noem ek fondse wat ek as "veilig" beskou wat billike groei lewer. Die opbrengste wissel so tussen 5% en 9% per jaar, en tot soveel as 11% per jaar as jy bereid is om 'n bietjie meer beleggingsrisiko aan te neem. Let mooi, tot soveel, nie beslis soveel nie.

'n Voorbeeld van 'n tipiese vraag

Sy het eiendom verkoop en sit nou met R2,5 miljoen wat belê moet word vir inkomste. Gewoonlik is daar ook nog 'n vereiste vir 'n kar. Selfs soms volwasse kinders wat ook bakhand staan. En ander "verpligtinge".


Stap 1: Kyk die waarheid in die oë. Dis al geld wat jy het. Jy het elke sent nodig vir inkomste. Nie dit wat oorbly ná die kar en ná die kinders nie. Alles.

Stap 2: Dissipline. Jy kan ver gaan met min geld en dissipline. Verder as met baie geld sonder dissipline.

Sê nee vir die kar en die kinders. As jy wil kyk na 'n kar, kyk na 'n kar gefinansier uit jou inkomste, nie uit jou kapitaal nie. As jy jou kind wil help, help hom of haar uit jou inkomste, nie uit jou kapitaal nie.

Stap 3: Belê jou geld. Belê waar jy sekerheid het. Of ten minste waar dit nie te veel aan markskommeling blootgestel is nie. Vermyn kansvatters wat jou die wê-


Eie belegging teenoor gewaarborgde inkomste



Bron: Finlac

Grafika24

Vergelykende doodsvordele



Bron: Finlac

Grafika24

reld belowe. Dit gaan jou finaal kelder, glo my.

Stap 4: Lewenslange inkomste. Niemand wil graag doodgaan nie. Doodgaan is 'n hartseer saak. Maar as jy regtig hartseer wil sien, moet jy toelaat dat jou geld voor jou doodgaan.

Jou opsies

As jy byvoorbeeld 'n 65-jarige vrou is, is jou lewensverwagting nog so 17 jaar. En dan, op 82 nog byna sewe jaar. So kom ons werk op 90 jaar. Jy benodig inkomste tot minstens 90 jaar oud (vir 25 jaar dus). As jy getroud is, werk gerus maar op die vrou se ouderdom om veilig te

bly, want hulle lewe langer as ons mans.

Hier is nou die beleggingsopsies vir die R2,5 miljoen, gegrond op die inligting hierbo. Dit is werklike kwotasies in die week. Die eerste twee opsies is wat ek sal aanbeveel. Dit is seker. Dit is gewaarborgde inkomste lewenslang en in die kwotasies is die kapitaal boonop gewaarborg om by dood uit te betaal aan 'n naasbestaande, byvoorbeeld 'n kind. (Kyk grafiek 1 hierlangs).

Opsie 1: 'n Inkomste (gewaarborg) lewenslang wat jaarliks styg met inflasie. Dit betaal 'n inkomste van R14 902,88 per maand. Die inkomste styg jaarliks met 5%.

Opsie 2: 'n Gelykblywende inkomste (gewaarborg) lewenslang.

Dit betaal 'n inkomste van R22 348,48 per maand. Die inkomste bly dieselfde lewenslang, dit styg dus nie met inflasie nie.

Hoekom sal 'n mens 'n inkomste kies wat nie jaarliks met inflasie styg nie?

Kyk die reuseverskil in inkomste tussen die twee opsies. Dit gaan tyd neem vir die stygende inkomste om by die gelykblywende inkomste verby te gaan. In daardie tyd kon jy al gesterf het, wat beteken jy het meer uit die versekeraar gekry. En al die jare se ekstra inkomste oor tyd kon jy waarskynlik beter aanwend. Jonger mense het 'n groter behoefte aan geld as ouer mense.

Opsie 3: 'n Eie belegging in byvoorbeeld effektrustfondse. Daar is geen waarborg nie. Jou besluite gaan bepaal of jou kapitaal behoue bly. Of nie. Jy kan enige tyd enige bedrag onttrek.

Met 'n opbrengskoers van 7% per jaar (dis billik, nie seker nie) ná koste, gaan jou geld teen die einde van jaar 17 op wees. Op vir inkomste. En op vir naasbestaandes.

As jy hieruit 'n soortgelyke inkomste wil neem as in Opsie 1 (R14 902,88 per maand, wat jaarliks styg met 5%), gaan jy groei van sowat 10% per jaar ná alle koste moet kry. Dit gaan nie gebeur nie.

Maar selfs al kan dit, raak jou kapitaal (en dit wat jy vir naasbestaandes wou verseker) eers meer, omdat jy hoër groei kry, maar dan vinnig al hoe minder soos wat die jaarlikse inflasie-aanpassings jou kapitaal begin verweer (kyk grafiek 2).

Ná net 26 jaar is daar niks oor vir naasbestaandes nie.

En jyself kan dalk baie langer leef - sonder geld.

■ Nico van Gijzen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijzen.